


26 MEI 2019



'n saam-glo dissipelskap gesprek

3iG

nouts
praktiese wysheid...

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is en bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

²³"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Paulus se reisplan is om die hoofweg vanaf Antiogië in Pisië af na Efese, die hoofstad van die Romeinse provinsie, Asië te volg. Waarskynlik om daarna die ander groter stede van westelike Klein-Asië te besoek. Die Heilige Gees het Paulus egter verhinder om hierdie reisplan te volg. By die grens van Misië, 'n deel van die provinsie Asië, met Bitinië aan die oostekant, speel dieselfde gebeure af: die Gees van Jesus verhinder hulle om na die provinsie van Bitinië te gaan met stede soos Nicea, Nikodemië en Chalcedon met aansienlike groot Joodse bevolkings. Die Gees stuur hulle in 'n westelike rigting deur Misië om by Troas uit te kom. Troas was 'n belangrike hawe van Klein-Asië en op die hoofroete na Masedonië. Troas was die plek waar Alexander die Grote in die vierde eeu vC aangekom het en aangedui het dat hy die hele Asië aan Griekse heerskappy wil onderwerp. In die jaar 49 nC, staan Paulus in diens van 'n ander Koning, Jesus Christus en sy uitbreidende koninkryk. Lees Hand. 16:9-15.

saam gesels

Jesus verag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Vertel vir mekaar van die frustrasies wat jy al beleef het deurdat jou voornemens en planne in die wiele gery is. Hoe het jy gevoel toe dit plaasgevind het? Vertel ook hoedat jy later die hand van die Here in die gebeure onderskei het. Wat het dié wete vir jou beteken?

2. In Troas wys die Goddelike GPS vir Paulus-hulle die koers aan – nou kan hulle weer verder gaan, want hulle is oortuig van God wat hulle deur sy Gees verder wil neem. In Paulus se nagtelike gesig kom staan 'n Macedoniese man by hom en smee: "Kom oor na Macedonië toe en help ons." Probeer julle voorstel wat hierdie mense se nood was? Waarom word hulp gevra?
3. Wys vir mekaar op Paulus-hulle se reaksie op die gesig. Deel met mekaar die belangrikheid om gehoorsaam te reageer op die aanwysings wat die Here vir julle as Jesus-volgelingen deur sy Woord en Gees gee.
4. Die inwoners van Filippi is ook as burgers van Rome beskou. Keiser Augustus het dit as 'n Romeinse kolonie verklaar. Die inwoners was Romeine en baie oorlogsveterane is daar gevestig. Die Romeine wou so veel as moontlik Romeinse burgers op strategiese plekke in die Romeinse ryk vestig. Beskryf die deurbraak-geleentheid wat Paulus op sy tweede sendingreis hier vir die evangelie aangryp.
5. God werk op verrassende wyses. Wys vir mekaar op dit wat die Here doen met die vrou en Lidia, 'n heidense vrou uit Tiatira, wat die Joodse geloof aanvaar het.

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Gasvryheid**. Hierdie geloofsgewoonte skep 'n warm, hartlike tuiste waar vriend en vreemdeling met die liefde van Jesus omarm en liefdevol aanvaar word. Deur hierdie geloofsgewoonte word genade vryelik uitgedeel. Lees hieroor in Rom. 15:7; Mark. 12:30-31; Heb. 13:1-2; Joh. 14:1-3.

Doen-dinge:

1. Ontwikkel die gewoonte om vir mense wat jy na jou huis toe nooi, te bid. Bid dat hulle in die wyse waarop jy hulle in jou huis ontvang, hulle iets van die warm-verwelkomende liefde van die Here sal ervaar. Skryf hierdie gebed op 'n kaartjie en gee dit vir jou besoekers.
2. Wees spontaan en hartlik. Fokus op die vreugde van saam-wees en leer om dit te vier.
3. Ontvang besoekers by die deur. Wys die egte vreugde oor hulle aankoms. Onthou om by hulle vertrek, hulle weer af te sien.

Dink-dinge:

1. Dink terug aan 'n tyd toe mense jou hartlik verwelkom en vriendelik ontvang en so laat tuiskom het. Hoe het dit jou laat voel?
2. Dink daarvoor na oor wat dit beteken om 'n goeie gasheer en -vrou te wees.
3. Dink aan goeie rolmodelle van gasvryheid.

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.